Kaapse plesiersoekers is beleggers van die toekoms

Carin Smith, Kaapstad

Plesiersoekers wat die Kaap gedurende die somervakansie binneval, kan ook verander word in die streek se beleggers van die toekoms.

Mnr. Angelo Manzoni, uitvoerende hoof van die Wes-Kaapse handelbevorderingsorganisasie Wesgro, sê toerisme speel ook 'n rol om regstreekse buitelandse beleggings na die provinsie te lok.

"Besoekers is dikwels verras met ons infrastruktuur en gesofistikeerde sake-omgewing. Daarom impliseer groter volumes gewone toeriste ook meer sakelui onder die besoekers en dit lei tot groter belangstelling in beleggings in 'n wye reeks ekonomiese sektore," sê hy.

Me. Nombulelo Mkefa, die Kaapse stadsraad se direkteur van toerisme, sê navorsing deur die ouditeursfirma Grant Thornton toon die ekonomiese waarde van toerisme in Kaapstad van verskaffingskant gesien, was R16,3 miljard in 2008. Dit is 20% meer as in 2007.

As deel van die Kaapstadse Internasionale Lughawe se vakansieprogram deel "engele" lekkers aan passasiers uit met hul aankoms. Hier is twee van dié plaaslike "engele" – mnre. Renier Claassen (links) en Marius Havenga – besig om met behulp van Budget Rental Cars se vuvuzelas die regte stemming te skep. Daar is ook 'n speelparkie ingerig op die grondvloer van die hoof-vertreksaal waar die kleinspan onder toesig kan baljaar. Daar is vandag 'n gratis gesikenktoedraaidiens vir aankope by die lughawe. Foto: JASON BOUD

"Gegrond op dié navorsing raam ons die ekonomiese waarde van toerisme in Kaapstad van vraagkant beskou, was vir die 2008-'09-seisoen R7,8 miljard en dat sowat 23 000 mense permanent en 10 200 deeltyds in die bedryf werk," sê sy.

Weens 'n toenemende vraag onder toeriste en om dit so maklik en veilig as moontlik vir hulle te maak om hul geld in die Kaap te bestee, is Spark ATM Systems besig om meer kitsbanke in onder meer kroeë en hotelle in Kaapstad in te rig.

Selfs die plaaslike welstandbedryf vind baat by die vakansietyd. Mnr. André Beyers, bemarkingsdirekteur van Vital Health Foods in Kaapstad, sien elke jaar 'n skerp toename in die verkope van hul vitamiene gedurende die feestyd. Hy skryf dit daaraan toe dat mense ná 'n stresvolle jaar uitgeput voel.

Volgens mnr. Dan Plato, Kaapstad se burgemeester, sal sowat 115 menseredders dié vakansie by munisipale swembaddens en langs 44 van die 72 strande langs die Kaapse kuslyn diens doen.

Daar is ook 19 mense aangestel om op die uitkyk te wees vir haaie langs die strande van Muizenberg, St. James, Kalkbaai, Vishoek, Noordhoek, Glencairn en Clovelly.